Tel: 053 0505 986
Sel: 072 140 8634
E-pos: admin@jakkies.com
sport@jakkies.com
skoolhoof@jakkies.com

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

Piet Retiefstraat
Posbus 107
Jacobsdal
8710

**NUUSBRIEF: 21 (19 - 26 Junie 2026)**

## *SPORT*

**HOPETOWN SPORTDAG - DINSDAG, 23 JUNIE**

Vind die finale program vir Hopetown aangeheg. Let op dat daar tye verander het as gevolg van hul Opedag. Busgeld na Hopetown is R250. Ouers wat vorige busgeld gebruik het vir Hartswater of Pres. Steyn, moet asb. teen Maandag betaal. Die bus vertrek om 10:15 vanaf die skool. Sportleerders kan met sportklere skool toe kom. Die skool sal dan vir die res om 10:15 verdaag.

**PLATTELAND vs GREY SPORTNAWEEK**

Grade is by stalletjies ingedeel. Maak asb. kontak met u graadverteenwoordiger om u hulp aan te bied. Dit is twee vol dae en ons verwag ongeveer 450 tot 500 deelnemers per dag.
Dit is ons een groot fondsinsameling en al Jakkies se leerders baat hierby. Kom ons vat asb. mekaar se hande en maak ‘n groot sukses van die geleentheid.

***Vrydag, 24 Julie begin om 10:00.***
***Saterdag, 25 Julie begin om 08:30.***

Spanne wat gaan deelneem is as volg:

**RUGBY:**
**Vrydag, 24 Julie:**
o/7 A & B
o/8 A & B
o/9 A
**Saterdag, 25 Julie:**
o/11 A & B
o/13 A
**NETBAL:**
**Vrydag, 24 Julie:**
o/7 A & B
o/8 A
o/9 A
**Saterdag, 25 Julie:**
o/10 A
o/11 A & B
o/12 A
o/13 A & B

Ons beplan ‘n heerlike spitbraai en dans vir die Vrydagaand. Kom geniet ‘n heerlike opskop saam met ons! Advertensie is aangeheg.

Kathu gaan in ons koshuis slaap. Ons wag nog vir finale getalle, hulle moet eers beserings na busongeluk monitor. Ons wil graag ons leerders wat moet deelneem Saterdag by ouers uitplaas. Vul asb. die aangehegte afskeurstrokie in indien u bereid is om ‘n Jakkie-kind vir een aand te huisves, asook om aan te dui of u kind verblyf sal benodig. Indien u nie die afskeurstrokie kan instuur nie, WhatsApp asb. vir Lanie.

- Maandag, 22 Junie sal rugby- en netbaloefening wees vir die spanne wat Dinsdag speel. Afrigters sal self met hul spanne reël rondom die tyd op die WhatsApp groepe.
- Daar sal geen tennisoefening wees nie.

**TENNIS**

Baie geluk aan Ané de Wet wat gekies is vir die Vrystaat-tennisspan, wat in Klerksdorp teen Noord-Wes gaan deelneem.

## <u>LEERDERS</u>

**BALKIES EN BIBLIOTEEKBOEKE INHANDIG**

Daar is nog steeds balkies en biblioteekboeke wat nie ingehandig is nie.
Dit MOET asb. teen Maandag, 22 Junie ingehandig word.

## <u>OUERS</u>

**VERGADERINGS**

Ons herinner ouers aan die volgende vergaderings wat plaasvind op Maandag, 22 Junie:

- Finansiële komiteevergadering – 08:30
- Beheerliggaamvergadering – 10:15

**HERREGISTRASIEVORMS**

Ons herinner ook ouers van die herregistrasievorms van die skool en koshuis wat ingehandig moet word.

…………………….....
T.E. MOSTERT

**GEBEDSLYS:**

Siek kinders
Elri Jacobs (operasie)
Laerskool Kathu (busongeluk)
Karin Page (skoonsuster oorlede)




---

**AFSKEURSTROKIE**

**Ouer Naam en Van:** ____________________________________

**Naam van kind:** ______________________________________

| | |
|---|---|
| ☐ | My kind benodig verblyf |
| JA / NEE | Ek kan 'n kind huisves |
| | Hoeveel: ___________ |

(merk toepaslike)

# WEDSTRYDBEPALINGS

## HOËRSKOOL HOPETOWN - TUISTE VAN DIE DAMARAS

GLO EN OORWIN

**HOËRSKOOL HOPETOWN** VS **JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL**

OPWAARTS OPWAARTS JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

**DATUM: 23 JUNIE 2026**
**PLEK: HOËRSKOOL HOPETOWN**

### Netbal
### HSH vs JPS

| Tyd | Baan A | Baan B | Baan C |
|---|---|---|---|
| 12:00 | o/11 A | o/7 B | |
| 12:30 | o/13 B | o/8 A | o/10 A |
| 13:00 | o/12 A | o/7 A | o/9 A |
| 13:30 | o/13 A | HSH o/11 A vs JPS o/11 B | |

### Rugby
### HSH vs JPS

| Span | Tyd | Veld |
|---|---|---|
| o/7 vs Volkskool | 13:30 - 13:55 | B |
| o/8 vs Volkskool | 13:30 - 13:55 | B |
| o/7 | 14:00 - 14:25 | B |
| o/8 | 14:00 - 14:25 | B |
| o/11 | 12:00 - 12:45 | A |
| HSH o/10 vs JPS o/9 | 12:50 - 13:35 | A |
| o/13 | 13:40 - 14:35 | A |

**DANKIE AAN AL ONS BORGE**

OVK
GWK
BIGGI
WORLDWIDE | PREMIUM | POPCORN
Reinke
DEKALB
santam
50 YEARS+ NASHUA
saving you time, saving you money, putting you first
MELT BRITS
FINANCIAL PLANNERS PTY LTD
MBN MUST BE NICE
www.mustbeniceclothing.co.za

1 MARKSTRAAT, HOPETOWN, 8750 | ADMIN@HSHOPETOWN.CO.ZA | 053 203 0053

# Spitbraai & Dans

## JACOBSDAL PRIMÊR

*Kom eet, dans en kuier saam!*

**DATUM**
24 Julie 2026


**TYD**
18:30 vir 19:00

**KOSTES**
R150 per persoon

**PLEK**
Skoolsaal



**GRATIS VERMAAK**
**PLUS ETE**
**VIR KINDERS IN DIE SPORTLOKAAL!**



**BESPREKINGS –**
Maritza
082 415 2679

*Kom deel die warmte, lekker kos en lekker musiek!*

**ONS SÊ OPWAARTS – SAAM!**